

My naam is Van Rensburg, Janse van Rensburg Of is dit Bruin of dalk Schim?

Elmien Wood

In Suid-Afrikaanse, en veral Afrikaanse, familieregisters neem die eerste manlike immigrant van die familie, die stamvader, 'n baie prominente plek in. Daar is egter 'n paar families wat nie hulle stamvader kan verbind met 'n van of plek van herkoms in die noordelike halfgrond, hetsy Europa of Asië nie. Niemand kan sê wie die stamvader van die Jonkers of die Meintjese of die Van Rensburgs is nie.

Daar is nog nie uitsluitel oor die debat of Adolph Jonker, die stamvader van die Jonkers, van Oosterse of Duitse afkoms is nie (sien Jonker, 1965/1966). Abraham Jonker het baie sterk en goeie argumente aangevoer dat Adolph 'n Duitser was, maar die beslissende dokumentêre bewys kort nog. Die afkoms van die Meintjese is minder kontroversieel, maar daar bestaan ook verskeie teorieë oor die herkoms van Jan Hendrik Meintjes van den Berg, die stamvader van die Meintjese. Moontlikhede wat genoem word, is 'n Duitse afkoms afgelei van Meinecke of afkoms van 'n lid van die Skotse 'clan' Menzies wat met 'n dogter van 'n Nederlandse graaf De Borg getrou het (Meintjes, 1963).

Oor die afkoms van Claas van Rensburg is nog minder bekend. Die plek van afkoms is al klaar problematies. Daar is nie 'n dorp in die wêreld wat presies 'Rensburg' genoem word nie. Volgens die *Suid-Afrikaanse Geslagsregisters* (SAG) kan die verwysing “. . . van Rensburg” daarop dui dat Claas afkomstig is van óf Rensburg in Sleswig-Holstein óf Rijnsburg naby Leiden in die provinsie Holland (GISA, 2003, p. 264). Toe hy in 1722 as getuie by 'n doop optree, gee hy sy naam aan as “Claas Jansz van Rhuynsburgh”. Op ander dokumente word die plek as Rensburg aangedui. Sonder 'n doopinskrifwing vir

Claas Jansz sal die debat oor Rensburg teenoor Rijnsburg voortduur.

Behalwe die plek van oorsprong is Claas se van nog 'n groter probleem. Hy staan algemeen bekend onder die patroniem Claas Jansz, wat beteken dat hy die seun van Jan is, maar Claas is tot nou toe nog vanloos. 'n Uitstekende en vakkundige opsomming van die inligting wat beskikbaar is oor Claas Jansz is uiteengesit deur Van Rensburg (s.d.).

Daar word algemeen aanvaar dat Claas in 1708 in die Kaap aan wal gestap het omdat hy gedurende daardie jaar in die huwelik getree het, maar hierdie verband is slegs op aannames gebaseer. Dit is nie noodwendig korrek nie. Die datum van 'n huwelik stem eerder ooreen met die datum waarop vryburgerskap verkry is. Johannes Spies het by voorbeeld in 1745 aan die Kaap gearriveer en eers ses jaar later as kneg by Pieter Moolman begin werk en later vir Wessel Wessels. Op 24 Junie 1754 doen hy aansoek om burgerregte en trou op 6 April 1755 met Anna Beukes. Die huwelik het plaasgevind redelik kort ná die verkryging van vryburgerskap en die huweliksdatum hou nie verband met die datum van aankoms nie.

Skeepsoldyrekening

Die skeepsoldyrekening van baie stamvaders kan in Nederland in die Nasionaal Archief in Den Haag gevind word. Dit is moontlik, indien dit in 'n VOC-dokumente aangeteken is, om uit te vind met watter skip en wanneer iemand in die Kaap aangekom het. Van Claasz Jansz is nóg die skip, nóg die jaartal hierin gevind.

As gevolg van 'n versyferingsprojek wat die Nasionaal Archief onderneem het, is daar tans 'n soekbare webwerf waar na die bemaningslede op die skepe van die De Verenigde Oostindische Compagnie (VOC) gesoek kan word, naamlik VOC-opvarenden. Selfs dit lewer niks op vir Claasz Jansz nie, totdat 'n mens op 'n ander wyse die soekwoorde kies.

Wanneer vir “Voornaam” Claas gekies word, vir “Herkomst-plaats” Rensburg en vir “Periode uitreis” die eindtydperk van 1633-

1794 verander word na 1652-1708, kry 'n mens vier name: Claas Mom, Claas Dircks, Claas Shim en Claas Langveld.

Claas Mom en Claas Langeveld is gerepatrieer en kon dus nie 'n familie aan die Kaap agtergelaat het nie. Claas Dircks is in 1700 oorlede. Dit laat dus net Claas Shim.

Voornaam	Achternaam	Herkomst	Schip	Uitreis
Claas	Mom	Rensburg	Huis ter Duine	1707
Claas	Dircks	Rensburg	Lands Welvaren	1699
Claas	Shim	Rensburg	Reigersdaal	1701
Claas	Langeveld	Rensburg	Sint Jan	1703

Die besonderhede van sy soldyrekening is as volg (VOC-opvarenden, 2008):

Gegevens van Claas Schim uit Rensburg

Datum indiensttreding: 21-12-1701

Functie bij indiensttreding: Matroos

Datum uit dienst: 30-06-1708

Reden uit dienst: Vrijburger

Uitgevaren met het schip: Reigersdaal

Waar uit dienst: Azie

Maandbrief: Ja

Schuldbrief: Ja


Begunstigde(n): Vader: Jan Bruijn

Opmerkingen: overleden 1728

Met die eerste oogopslag lyk dit nie baie belowend nie, want hierdie Claas is in Azië oorlede, maar twee dinge stem ooreen met wat ons van Claas Jansz weet: Hy is oorlede in 1728 en sy pa se naam was waarskynlik Jan.

Gevollik is Claas Shim se skeepsoldyrekening van die Nasionaal Archief in Den Haag bestel. Volgens hierdie rekening is Claas aan die Kaap oorlede en nie in Asië nie (Reigersdaal, 1701). Daar is dus niks wat teenstrydig is met dit wat ons van hom weet nie, behalwe die

eienaardige van “Schim”. (Daar is ’n transkripsiefout op die webwerf gemaak: die van word “Shim” gespel, maar dit moet “Schim” wees.)




Ons leer ’n hele paar dinge van Claas Schim van Rensburg. Hy het op die 21ste Desember 1701 vanuit Texel vertrek met die skip die *Reigersdaal* van die Kamer van Amsterdam en het op 13 April 1702 aan die Kaap geland. Hy het deel van die skeepsbemanningsgebly, maar agt dae later, presies vier maande ná sy vertrek word Claas Schim van Rensburg se rekening op 20 April 1702 gebalanseer en stap hy aan wal om vir goed in sy nuwe vaderland te bly.

Claas het as matroos op die skip gewerk; daar bestaan dus ’n moontlikheid dat hy ’n sekere kennis van skeepsvaart gehad het. Nederland was ’n land waar baie mense ’n bestaan op die water gemaak het. Die visbedryf was belangrik, vrag en passasiers is vervoer op binnelandse riviere, gragte en kanale en skepe het handel gedryf met ander Europese lande soos Denemarke, België en Noord-Frankryk (sien Schipper, Cees e.a., s.d.). As die gewone loon van ’n seevaarder, soldaat of matroos, op nege gulde geskat word, kon Claas vir homself ’n effens hoër loon beding, naamlik tien gulde per maand. In werklikheid is dit waarskynlik egter ’n gemiddelde loon. Op die reis van die *Ketel* het 17 matrose twaalf gulde ontvang, 11 matrose elf gulde, 23 matrose tien gulde, 26 matrose nege gulde en 4 matrose agt gulde.

Een van die beste brokkies inligting is egter dat Claas Schim se pa se naam op die rekening aangegee word. Claas bemaak naamlik drie maande loon per jaar aan sy vader Jan Bruin. Nog ’n persoon wat moontlik ’n familielid kon wees, se naam kom op die soldyrekening voor, naamlik Johanna of Janna Jans. Claas het van ’n sogenaamde “sielverkoper” gebruik gemaak tydens sy verblyf in Am-

sterdam. Die sielverkopers het voedsel en onderdak aan die voornemende werknemers van die VOC verskaf en hulle ook 'n bietjie touwys gemaak (sien Van Gelder, 1997). Hiervoor het die sielverkoper gewoonlik 150 gulde ontvang. Hierdie skuld is deur die VOC geadministreer en uitbetaal wanneer die werknemer die bedrag bymekaar gemaak het. Weens die hoë sterftesyfer aan boord was niemand egter seker dat hy sy geld sou terugontvang nie en die sielverkopers het die seëls dikwels aan 'n derde party teen 'n verminderde bedrag verkoop. Aan die debietkant van Claas Schim se rekening is die inskrywing: "ditto aen de Ede Compie over Schult aan Jacob Croeger f150". Wat interessant is, is dat Claas niks anders by die Kompanjie aangekoop het nie. Heel dikwels is klere en 'n skeepskis ook op die rekening gedebiteer.

Die persoon wat die seël kom inlewer het, was iemand met die naam van Johanna Jans. Op 17 Januarie 1709 word in die rekening die inskrywing gemaak: "f150 op dito [onleesbaar] Johanna Jans tot voldoeninge van de f150. borgi A, Cuijpers." Moontlik het Johanna die seël van Croeger gekoop en moontlik was sy Claas Jans se suster, maar hiervoor is daar geen bewyse nie.



Terwyl op die skeepsoldijrekening wat van die Nasionaal Archief bestel is, gewag is, is die monsterrolle van die Kaap en Stellenbosch vir die tydperk 1702 tot 1708 nagegaan. Geen teken is egter gevind van 'n Claas Jansz of 'n Claas Schim wat as manskap by een van die kommando's, die kavalierie of die infanterie, aangesluit het nie. Ná die ontvangs van die soldyrekening¹ word die rede gevind in die kredietkant: Op 26 April 1702 word Claas Schim 'n leenkneg: "f69:18:7 rest van 6 d[ae] aan de caap dat met Stilstaender gagie in Leening gaat." Claas het dus feitlik onmiddelik na aankoms 'n

ooreenkoms met een van die boere gesluit om vir hom as kneg te gaan werk en die Kompanjie was nie meer verantwoordelik vir sy salaris nie. Indien hierdie kontrak bewaar gebly het, sou dit waarskynlik op 26 April – ses dae ná sy aankoms – gesluit gewees het.

Die laaste stukkie inligting uit die skeepsoldyrekening is: “Nta. Is op 31 Augs: 1728 na bevornes getestaert te hebben overleden, nalatende vrouw en kinderen, vide Caaps Vryboek 1739 fo. 18.” Die sterfdatum waarvan ons tot dusver bewus was, was slegs die jaartal 1728, nou is die volle datum, naamlik 31 Augustus 1728 bekend.

Met die vier ooreenkomste tussen Claas Schim en Claas Jansz, naamlik dieselfde voornaam, dieselfde naam van vader, dieselfde sterfdatum en dieselfde plek van herkoms, sowel as die ooreenkoms tussen die beëindiging van knegskap en die verkryging van vryburgerstatus, is daar dus min twyfel dat ons hier met een en dieselfde persoon te doen het.

Die omstandighede aan die Kaap

Wie was die ander werknemers wat saam met Claas Jansz by die Kaap van die *Reigerdaal* afgestap het? Volgens die webwerf *Historici.nl* (s.d.) het vier seevaarders, vyf soldate en twee passasiers hulle reis by die Kaap beëindig. Dit stem egter nie ooreen met die inligting op die webwerf *VOC-opvarenden* nie.

Op *VOC-opvarenden* is gesoek na die persoonsgegevens van die *Reigersdaal* wat in 1701 vertrek het, met die opsie op “Einde plek” as Kaap de Goede Hoop. Die tabel hieronder op p.10 gee die name van die persone wat saam met Claas aangekom het. (Sy naam is by hierdie lys gevoeg hoewel hy verkeerdelik in ’n ‘Azie’-lys verskyn.)

Dus ’n groot verskil met die inligting op *Historici.nl*. *Historici.nl* se gegewens is verkry uit die sogenaamde “uitloopboeke” wat kerngegevens van elke reis bevat en gee min aandag aan persoonlike inligting.

Van die vyftien persone wat volgens *VOC-opvarenden* Kaap toe gekom het, is vyf in die jaar van aankoms oorlede, vier in

Naam	Herkomst	Beroep	Einde diens	Omschrijving
Steuen Randau	Leeuwaarde	Soldaat	1702, Apr 17	Overleden
Vicke Gerrits	Worcum	Matroos	1702, Apr 18	Overleden
Jan Fonteijn	Amsterdam	Matroos	1701, Apr 20	Weggelopen
Cornelus Ewouts	Vlielandt	Matroos	1702, Apr 20	Weggelopen
Cristoffel Sielenburg	Bremen	Matroos	1702, Apr 20	Weggelopen
Anthonij van Ackere	Amsterdam	Matroos	1702, Apr 20	Weggelopen
Teunis Gouertse	Vlekkeren	Matroos	1702, Apr 20	Weggelopen
Reijnier Cornelise	Amsterdam	Hoogbootsman maat	1702, Apr 20	Weggelopen
Rolof Roelofse	Amsterdam	Matroos	1701, Apr 21	Overleden
Dirck Vogel	Amsterdam	Huistimmerman	1702, Apr 30	Kamer Amsterdam
Vechter Graaf	Den ham	Soldaat	1702, Mei 24	Overleden
Claas Ilkes	Tiel	Matroos	1702, Aug 5	Overleden
Hendrick Janse	Amsterdam	Matroos	1705, Mrt 22	Overleden
Jan Janse	Alphen	Matroos	1706, Apr 1	Vermist
Claas Shim	Rensburg	Matroos	1708, Jun 30	Vrijburger in Azie

Lys van aankomelinge in die Kaap wat in 1701 met die Reigersdaal vanaf Nederland vertrek het, volgens VOC-opvarenden. Schim het in die Kaap 'n vryburger geword, nie in "Azie" nie.

Aprilmaand, die maand van aankoms. Hendrick Janse het nog drie jaar geleef en Jan Janse het na vier jaar vermis geraak. Van die aankomelinge het ses op die 20ste April 1702 weggeloop. Moontlik het hulle hulself op 'n verbygaande skip versteek. Daar moet onthou word dat die Kaap beskou is as 'n verskriklike plek om te bly. Upham (2012) vertel die verhaal van Jan Grof Visser wat saam met Pieter Visagie probeer het om saam met die retoervloot te vertrek. Visser maak 'n verklaring dat die bemanning hulle aangemoedig het om saam te gaan en gevra het wat hulle in die vervloekte land doen en ook dat een van die bemanning uitgeroep het dat hy eerder gehang sou word as om in die vervloekte land te bly. Van die vyftien aankomelinge was Claas Shim die enigste wat oorlewe en 'n nageslag nagelaat het.

Rijnsburg of Rendsburg

Alhoewel die plek van herkoms in Suid-Afrika bekend is as Rens-

burg, moet nog bepaal word of daarmee Rijnsburg of Rendsburg bedoel word.

Op watter plekke in die wêreld word Schim aangetref? Een manier om 'n aanduiding te kry van waar 'n sekere van aangetref word, is om rekenaarssoektogte te doen na die voorkoms van die betrokke van. Hierdie metode gee nie 'n deurslaggewende uitslag nie, maar gee darem 'n aanduiding. So word op die webwerf *PublicProfiler: Worldnames* (2010) die hoogste voorkoms van Ibsen in Denemarke en die hoogste voorkoms van Nehru in Indië gevind. Die vreemde van Schim wat in Afrikaans as skim vertaal word, word nie algemeen aangetref nie, maar is tog die hoogste in Nederland. Op die webwerf *StamboomOndersoek.com* (s.d.) word ook 'n Claes Jans Schim gevind wat in 1648 gebore is – baie naby aan ons Claas Schim wie se pa Jan Bruin was!

Die oortuigende bewys ten gunste van Rijnsburg word egter gevind in die aardrykskundige woordeboek van Van der Aa (1874). Daar word Rhensburg aangegee as 'n alternatief vir Rijnsburg: “RHENSBURG, d. in *Rijnland, prov. Zuid-Holland*. Zie Rijnburg. p. 458.” Verder is die dorp “Rhuynsburgh” wat Claas Jansz as sy dorp van oorsprong opgegee het toe hy as doopgetuie gestaan het, amper dieselfde as “Rhuynsburgh” soos wat dit in die aardrykskundige woordeboek aangegee word.

Kerkregisters van Rijnsburg

Daar is slegs een kerkrekord vir Rijnsburg in die Family History Library in Salt Lake City en dit is nageslaan. Uit die dope (Rijnsburg, 1675-1812), kan afgelei word dat die naam en van kombinasie wat daar algemeen voorgekom het, van die tipe voornaam plus patroniem was. Vir die jaar 1681 word die volgende dope opgeteken: Claasz seun van Cornelis Arijsz, Willem seun van Willem Gerritsz, Gideon seun van Gideon Gideonsz, Jan seun van Cornelis Jansz. Die persoon waarna ons soek, Claas Jansz, sou dus baie goed hier kon inpas. Die enigste Bruin/Bruijn/Brijn wat gekry is, se naam was moeilik om te ontsyfer, maar was moontlik Louis

(Lourentsz?) seun van Jacob Brijn. Claas Jansz is nie gekry nie.

Van die doopregister kan ook afgelei word dat nie almal op die dorp dieselfde status gehad het nie. Op 3 November 1680 word Sara dogter van mnr. Jacobus van Bogaart en Anna Claasd. gedoop. Waarom Jacobus van Bogaart 'meneer' genoem word, behoort uit die geskiedenis van Rijnsburg verklaar te kan word. Daar word dan ook op die webwerf *Publicatie van genealogisch (bronnen)materiaal* (Glasbergen, s.d.) aangetref 'n Jacob van den Bogaert wat 'n skoolmeester was en as getuie opgetree het by 'n skikking van 'n erfposisie, asook Jan Jacobsz Bogaards 'n bouer wat 'n regent van Rijnsburg was. Die Bogaards was dus meer as gewone arbeiders.

Agtergrond oor Rijnsburg

'n Begrip kan gevorm word van die beroepe wat in Rijnsburg beoefen is deur die webwerf van J B Glasbergen te raadpleeg. Hy doen navorsing oor die "Duin- en Bollenstreek" van die provinsie Zuid-Holland waar Rijnsburg geleë is. Van die beroepe aangeteken, is baie in die boubedryf soos bouers, messelaars; 'n hele aantal in die bierbrouery soos die "biersteker" en kuiper; ander werk in die klerebedryf soos kleremaaksters (lindenaeyster), en skoenmakers, die vervoerbedryf soos die wamaker en hoefsmid. Mense wat nie in die vervaardigingsbedryf was nie, sluit in die skoolmeester, die sekretaris, die balju, die bode, 'n winkelier en 'n sjirurgyn. Die ses skippers wat aangeteken is, is belangrik as 'n mens dink aan die moontlikheid dat Claas Jansz kennis van die skeepsvaart gehad het (Glasbergen, s.d.).

Rijnsburg was nooit 'n groot of belangrike stad nie (Van der Aa, 1874). Die boere het blomkool, aarbeie en aartappels produseer wat met skuite na Amsterdam, Den Haag, Delf en Rotterdam vervoer moes word.

Wat kerke betref was die lede van die Hervormde kerk in die meerderheid, maar daar was ook Evangelies-Lutherse lidmate wat aan die gemeente van Leiden behoort het. Rijnsburg was egter ook belangrik as hoofkwartier van die Collegianten. Hierdie godsdien-

Destydse prys van begrawe te word

Uit die begrafnisboek kan die kultuur van Rijnsburg afgelei word (Rijnsburg, 1666-1820). Begrafnisse kon duurder of goedkoper wees na gelang van wat die familie van die afgestorwene verlang het. "Met alle de klokken geluijt" het 15 stuiwers gekos en 'n "geringe kleed" 10 stuiwers. Die totale koste van die begrafnis was dan een gulde en vyf stuiwers. Alle klokke kon gelui word, of "het kleijne klok" of die middelklok. Die prys van hierdie verskillende klokke het nie verskil nie, dit was 15 stuiwers. As 'n mens egter slegs die halwe klokke versoek het, is helfte van die prys betaal, naamlik sewe stuiwers en agt penninge. Vir een persoon is die klokke gelui vir 'n halfuur toe hy oorlede is en 'n uur tydens die begrafnis. In sy geval het die klokke een gulde, twee stuiwers en agt penninge gekos.

Wat die kleed betref, kon mens die beste kleed, die middelkleed, die gemene kleed of "het kleijne kleetje" bestel.

Om in die kerk self begrawe te word het ekstra gekos. So moes Catarina de Haan, 'n bejaarde dogter, in 'n graf van die kerk begrawe word, waarvoor ses gulde ses stuiwers betaal is.

Dit is nogal interessant om hierdie kostes te vergelyk met wat op Stellenbosch betaal is vir begrafnisse. Die gewone koste was ses gulde, soos byvoorbeeld betaal vir Ferdinand Appel wat in 1713 begrawe is. Vir 'n kind wat in dieselfde jaar, 1713, oorlede is, was die koste die helfte, naamlik drie gulden, byvoorbeeld "een kint van Anthonij Vlotman". Dit kom baie duur voor in vergelyking met die salaris wat uitbetaal is. Die duurste begrafnis op Stellenbosch gedurende daardie tydperk was dertig gulde wat betaal is vir drie persone, waaronder Pieter Robbertse (Malan, 2001).

Die kursus "stamboomonderzoek" wat beskikbaar gestel is deur die Centraal Bureau voor Genealogie (CBG) en aangebied word deur die Open Universiteit in Heerlen, bevestig die gebruik van betaling vir begrafnisse: "De kerk had niet alleen inkomsten uit het verhuren of verkopen van het graf, maar ook uit het luiden van klokken, en de verhuur van kleden en draagbaar" (Open Universiteit, 2012, Leer-eenheid 6, para. 4).

stige sekte het nie 'n kerkgemeenskap gevorm nie en enigeen wat die Bybel as gids vir 'n Christelike lewe aanvaar het, was welkom om hulle 'colleges' by te woon. Van hulle het wel later by die sogenaamde Remonstranse Broederschap aangesluit. Daar bestaan ook 'n klein Rooms Katolieke gemeente in Rijnsburg. Enige soektog na Claas Jansz sal die moontlikheid moet onder oë hou dat hy in enige van hierdie gemeentes gedoop kon gewees het.

Daar is aanduidings dat die dorp Rijnsburg reeds lank voor die jaar 866 bestaan het en voorheen Rothalnushem en Rinasburg

genoem is. In 'n verdrag wat in die jaar 1063 gesluit is, word Rijsburg genoem Renesburg. Daar word ook beweer dat die naam Rijsburg afgelei is van die Rynrivier en 'n burg wat van ouds daar sou gestaan het.

Wat ookal waar is, Rijsburg was 'n baie klein dorpie met 'n baie ou geskiedenis waarvan die naam in die meeste van sy vorms baie na aan Rensburg is.

Genealoë stel belang daarin hoekom hulle voorvaders die moederland verlaat het vir 'n onsekere toekoms in diens van die VOC. Die gordyn word so op 'n skrefie oopgemaak as 'n mens lees van die omstandighede in Leiden wat soos reeds gesê, baie naby Rijsburg geleë was. Gedurende die agtiende eeu was Leiden 'n stad waar stakings dikwels voorgekom het. Farr (2000, p. 199) noem vyf stakings gedurende die sewentiende en agtiende eeu. Leiden was Europa se grootste vervaardiger van kledingstowwe en dit het groot ontwrigting veroorsaak wanneer die meerderheid van die bevolking gestaak het. In 1700 het meer as 1000 tekstielwerkers buite die stadmuur bymekaar gekom om hulle lone te bespreek. Alhoewel daar nie 'n direkte verband met Claas Schim se vertrek en 'n staking bewys kan word nie, was 1701 sekerlik nie 'n jaar waarin die vooruitsigte in Leiden en die naburige Rijsburg baie rooskleurig gelyk het nie. In 1701, nadat Claas al weg was, is die staking van 1700 onderdruk deur ses stakers met 'n straf van slae te veroordeel en vier stakers te hang.

Maar hoe het die lewe aan die Kaap verloop?

Kontrakte in die Kaapse argiefbewaarplek

Claas Schim sluit op 26 April 1702 'n kontrak met Claus Heinrich Diepenow van Barsfleth in Duitsland (Kontrakte, 1702). Soos hierbo opgemerk, word dit dieselfde dag in die skeepsoldyrekoning aangeteken. Daar word ooreengekom dat Claas Schim vir minstens 'n jaar vir Claus Diepenau sou werk “tijd van een geheel jaar trou en naarstig in alles geene waartoe hy hem benodigt heeft te dienen” en

tien gulde per maand (ligte valuasie) sou ontvang. Behalwe die salaris sou hy ook kos, drank en huisvesting kry. Wat baie interessant is, is dat nie een van die twee komparante hul naam kon teken nie. Diepenau het met CHD geteken en Claas Schim met Cß. Waarom Claas so geteken het, weet 'n mens nie. Dit kan wees dat hy sy werkgewer nagemaak het, maar hoe het hy geweet van die letter *Eszett*? Dit is moontlik weer 'n aanduiding dat hy wel van Duitsland en nie van Nederland gekom het nie.

Claus Diepenau was 'n vooraanstaande lid van die gemeenskap, eienaar van die plase Joostenburg en Waarburg, burgerraad en weesheer (Heese en Lombard, 1989, p. 87). Hy en Claas Schim het 'n goeie werkverhouding gehad; die aanvanklike jaar wat in die kontrak gespesifiseer is, het meer as drie jaar geword. Op 29 Oktober 1705 is die kontrak ontbind. Twee dae later teken Claas 'n nuwe kontrak met Gerrit Gerrits van Oldenburg (Kontrakte, 1705).

Hierdie kontrak wat op 31 Oktober 1705 onderteken is, het bepaal dat hy as boukneg (bouwknechtⁱⁱⁱ = landboukneg) vir Gerrit Gerrits sou gaan werk en vir wat hy hom ookal nodig kan kry. Sy loon is nou twaalf gulde per maand. Gerrit het in 1698 burgerregte gekry. Blykbaar het hy nooit getrou nie, maar hy het kinders by Susanna van Mombasa gehad (Heese en Lombard, 1989, p. 431).

Hierdie dienstydker van Claas het nie lank geduur nie. Op 8 Februarie 1706, is die kontrak ontbind en op dieselfde dag word 'n nuwe kontrak met Pieter Robbertsz gesluit (Kontrakte, 1706). Die nuwe kontrak se diensvoorwaardes was dieselfde as die vorige: twaalf gulde per maand en boukneg asook enigiets waarvoor sy werkgewer hom nodig sou kry.

Pieter Robbertsz was ook, soos Claas se eerste werkgewer, 'n Duitser. Hy het as adelbors vanaf Neustadt in Holstein met die skip *Europa* na die Kaap gekom (VOC-opvarenden, 2008) en die eienaar geword van die plaas Rustenburg naby Stellenbosch. Later was hy ook landdros van Stellenbosch (GISA, 2003, p. 460). Weereens was dit 'n suksesvolle dienstydker wat meer as twee jaar geduur het. Toe

die kontrak beëindig is, op 30 Junie 1708, was dit omdat Claas Schim 'n vryburger geword het. Weereens stem die dokumente wat aan die VOC in Amsterdam gestuur is en die dokumente wat by die Kaap bewaar is, grootliks ooreen.

Nadat Claas Schim sy vryburgerskap gekry het, trou hy skaars twee maande later, op 14 Augustus op Stellenbosch, as Claas van Rensburg, met Aletta van der Merwe. Aletta was slegs 24 jaar oud en die weduwee van Marthinus van Staden. Maar belangriker as dit, Aletta (b7) was die jonger suster van die plaaseienaar se vrou, Sophia van der Merwe (b1) (GISA 1999, p. 591 en p. 531). Daar is geen twyfel dat Claas Schim seun van Jan Bruin wat vir Robbertsz as kneg gewerk het en Claas Jansz van Rensburg wat met Robberts se skoonsuster trou, een en dieselfde persoon was nie.

Twee aspekte van Claas se lewe het saamgewerk om hom suksesvol te maak. In die eerste plek het hy gesond aan wal gestap en in die tweede plek het hy 'n goeie huwelik aangegaan. Sy huwelik was een van die baie waar 'n kneg getrou het met 'n weduwee van die plaas of buurplaas of met 'n familielid uit die fisiese of sosiale omgewing. So 'n huwelik het die nuwe vryburger toegang gegee tot die kennis en vaardighede van die skoonfamilie, maar ook tot 'n ploeg, osse en ander plaasbenodighede wat aan familieleden behoort het. Nie alleen was sy nuwe swaer, Pieter Robbertsz, 'n man van aansien wat onder andere 'n landdros was nie, maar ook toevallig die persoon wie se boedel 'n duur begrafnis kon bekostig. Dus, waarskynlik 'n welgestelde man.

Claas Jansz het dus geluk aan sy kant gehad, maar dit doen geen afbreuk aan sy bekwaamheid om self 'n sukses van sy lewe te maak nie. Met ondernemingsgees en 'n bietjie geluk aan sy kant het Claas Jansz van Rensburg die stamvader geword van een van die grootste en bekendste families in Suid-Afrika.

Waarom Claas homself Schim genoem het, is nog nie duidelik nie, maar die naam Claas Jansz van Rensburg was 'n gelukkige keuse. Enige ander naam vir Siener van Rensburg of Lang Hans van Rensburg sou tog net nie dieselfde gewees het nie!

ⁱDank aan Johan Barkhuisen wat my daarop gewys het dat die boeke nie noodwendig gesluit is op die dag wat die skip in Tafelbaai geland het nie.

ⁱⁱDank aan René Janssen van die Afdeling Dienstverlening wat Claas Schim se soldyrekening aangestuur het.

ⁱⁱⁱBouknecht. Ad Biewenga sê in *Die Kaap de Goede Hoop* p. 101: “Zij hielpen de boer met de bewerking van de grond en hielden het opzicht over de slaven.”. Dank aan die Redakteur.

Bronne

American Psychological Association. (2010). *Publication manual of the American Psychological Association* (6th ed.). Washington, DC: Skrywer.

Farr, J. R. (2000). *Artisans in Europe 1300-1914*. Afgelaai van <http://books.google.co.za/>

Glasbergen, J. B. (s.d.) *Publicatie van genealogisch (bronnen)materiaal: Rijnsburg*. Afgelaai 13 Junie 2012 van <http://home.hccnet.nl/jb.glasbergen/genealogie/rbginh.html>

GISA (1999). *Suid-Afrikaanse Geslagsregisters* (Dl. 5b). Stellenbosch: Genealogiese Instituut van Suid-Afrika.

GISA (2003). *Suid-Afrikaanse Geslagsregisters* (Dl. 9). Stellenbosch: Genealogiese Instituut van Suid-Afrika.

Heese, J. A. (Samesteller) en Lombard, R. J. T. (Red.). (1989). *Suid-Afrikaanse Geslagsregisters* (Dl. 2). Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Historici.nl (s.d.). *De VOC. Scheepvaart tussen Nederland en Azië 1595-1795*. Afgelaai van (<http://www.historici.nl/Onderzoek/Projecten/DAS/detailVoyage/92939>).

Hoge, J. (1946) *Personalialia of Germans at the Cape, 1652-1806*. In Beyers, C., Venter, P. J., Franken, J. L. M., Thom, H. B. & Botha, C. G. (Red.) *Archives Year Book for South African History* [Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis] (elfde jaar, Dl 1, hele deel). Kaapstad: Cape Times vir die Staatsdrukker.

Jonker, A. (1965/1966). Die stamvader – Adolph Jonker. *Familia*, 1965/1966(2) p. 41-47.

Kontrakte, 1702, 26 April. Losse en fragmentariese siviele prosesstukke. Raad van Justisie van die Kaapkolonie (CJ 2873 256). Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad.

Kontrakte, 1705, 31 Oktober. Losse en fragmentariese siviele prosesstukke. Raad van Justisie van die Kaapkolonie (CJ 2874 75). Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad.

Kontrakte, 1706, 8 Februarie. Losse en fragmentariese siviele prosesstukke. Raad van Justisie van die Kaapkolonie (CJ 2874 90). Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad.

- Malan, O. G. (2001) "Verlore" dokumentasie oor die gemeente Stellenbosch van 1689 tot 1725. *Capensis*, 2001(2), 36-41.
- Meintjes, J. (1963). *Jeugjare, 1923-1940*. Molteno: Bamboesberg-uitgewers.
- Open Universiteit. (2012). Leereenheid 6. Doop-, trouw- en begraafregisters. In *Basiscursus Stamboomonderzoek*. Afgelaai van <http://www.ou.nl/Docs/Opener/CW/Stamboomonderzoek/12%20leereenheid%2006.pdf>
- Public Profiler (2010). *Worldnames*. Afgelaai 14 Junie 2012 van <http://worldnames.publicprofiler.org/Default.aspx>
- Reigersdaal, 1701. Skeepsoldyrekening van Claas Shim. [Digitale beeld]. VOC-opvarenden (Nr. 5500, folio 109. DAS- en reisnommer 1879.4). Nationaal Archief, Den Haag, Nederland.
- Rijnsburg, Suid-Holland, Koninkryk van die Nederlande. (1675-1812). Nederduitsch Gereformeerde Gemeente. *Dopen 1675-1812*. [Mikrofilm] Salt Lake City, UT: Family History Library (INTL Film 119725)
- Rijnsburg, Suid-Holland, Koninkryk van die Nederlande. (1627-1806). Nederduitsch Gereformeerde Gemeente. *Trouwen 1627-1806*. [Mikrofilm] Salt Lake City, UT: Family History Library INTL (Film 119725)
- Rijnsburg, Suid-Holland, Koninkryk van die Nederlande. (1666-1820). Nederduitsch Gereformeerde Gemeente. *Begraven 1666-1820*. [Mikrofilm] Salt Lake City, UT: Family History Library INTL (Film 119725)
- Schipper Cees e.a. (s.d.) Oude binnenvaartschepen. Afgelaai 24 Junie 2012 van <http://vaartips.nl/binnenvaart.htm>
- StamboomOndersoek. (s.d.) Afgelaai op 8 Junie 2012 van <http://www.stamboomonderzoek.com/uijterlinde/getperson.php?personID=1207131&tree=uijterlinde>
- Upham, M. (2012). Hell and Paradise . . . Hope on Constantia. Afgelaai van *e-Family: The Fifty Years Project* webwerf: <http://www.e-family.co.za/ffy/ui46.htm>
- Van Rensburg, A. (s.d.). Claas Jansz: Van Rensburg. Afgelaai *Van Rensburg Genealogy* webwerf: <http://www.reocities.com/Athens/Atlantis/4364/>
- Van Gelder, R. (1997). *Het Oost-Indisch avontuur. Duitsers in dienst van de VOC (1600-1800)*. SUN, Nijmegen. Ook beskikbaar by De Digitale Bibliotheek voor de Nederlandse Letteren webwerf: http://www.dbnl.org/tekst/geld028oost01_01/index.php
- Van der Aa, A. J. (1874). *Aardrijkskundig Woordenboek der Nederlanden* (Dl. 9, P-R). Gorinchem: Jacobus Noorduyt.
- VOC-opvarenden. (2008). Afgelaai van Nationaal Archief webwerf <http://vocopvarenden.nationaalarchief.nl/default.aspx>

Korrespondensie: Elmien Wood, woodem@mweb.co.za